# Hillcrest High School

Graad 12

## AFRIKAANS EAT V2

JUNIE 2023

**PUNTE:** 70

**TYD:** 2 uur

**EKSAMINATOR:** Mev. R. Jordaan

**MODERATOR:** Mev. A. Meiring

**INSTRUKSIES EN INLIGTING:**

1. **Lees versigtig deur al die instruksies voordat jy die vrae beantwoord.**

2. **Hierdie vraestel bestaan uit EEN afdeling:**

   **AFDELING A: Drama**

3. **Beantwoord AL die vrae oor die drama, *Paljas*, wat julle bestudeer het.**

4. **Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling versigtig.**

5. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**

***STERKTE!!***

## AFDELING A: DRAMA

## VRAAG 1: PALJAS (Chris Barnard)

### TEKS A

Lees die onderstaande uittreksel noukeurig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Die landskap is die Karoo. 'n Uitgestrekte, eenselwige, eensame omgewing met gannabos, skaap en koringlande. En dansende lugspieëlings.**

**Deur die middel van hierdie landskap loop 'n grondpad en 'n spoorlyn, en langs die spoorlyn is 'n spoorweghalte. Dis skaars 'n halte. Dis 'n perron, 'n sinkwagkamer en -kantoor, 'n watertoring, 'n paar bloekom- en peperbome, 'n paar vervalle skure, 'n laaiplek vir diere, 'n windpomp en 'n spoorweghuis met 'n wye voorstoep.**

**Dis die soort plek waar treine nie stop nie.**

**Die plase is groot en die naaste plaasopstal sowat vyf kilometer weg.**

**'n Klompie kilometer suid van die halte is 'n kleinerige dorp met 'n paar winkels, 'n koöperasie, 'n klompie huise en 'n massiewe kerk.**

**1. 'n Uitgestrekte Karoolandskap. Dis net ná dagbreek. Op die oostelike horison is 'n stoomtrein onderweg met sy swart rookpluim duidelik sigbaar teen die lug.**

**2. Hendrik en Katrien se slaapkamer. Die eerste oggendlig val deur die venster. Katrien klim uit haar enkelbed en maak klein Willem toe wat in dieselfde bed lê. Sy sit 'n oomblik vir die vertrek en kyk – ook vir die slapende Hendrik op die enkelbed oorkant haar. Die lig val effens oor sy gesig.**

1.1 Voltooi die volgende paragraaf feitelik korrek deur die ontbrekende woord(e) neer te skryf. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.1.1-1.1.4) neer.

Die Karoo landskap word uitgebeeld as 1.1.1___. Die drama speel af by die dorpie/stasie, 1.1.2___. Alhoewel dit die soort plek is waar treine nie stop nie (reël 8), het die 1.1.3___ trein hier gestop. Die enigste persoon wat gelukkig was om hier te bly, was 1.1.4___. (4)

1.2 "Die plase is groot en die naaste plaasopstal sowat vyf kilometer weg." (reël 9)

1.2.1 Kies die korrekte antwoord in die hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Die boer wat gereeld Katrien besoek het om te hoor of sy iets nodig het, was (Jan Mol/Frans) (1)

1.2.2 Hendrik het gesien hierdie boer besoek Katrien sodra hy nie by die huis is nie.

Hoe het dit Hendrik laat voel? (1)

1.2.3 Hoekom het Hendrik, volgens Katrien, nie rede om bekommerd te voel oor hierdie boer nie? (1)

1.3 Hendrik en Katrien was baie gelukkig getroud.

Verduidelik na aanleiding van die uittreksel waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.4 Kies ‘n aksie uit KOLOM B om by ‘n naam in KOLOM A te pas. Skryf net die vraagnommer (1.4.1-1.4.4) en die letter (A-E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.4.1 Willem | A. het weer die McDonaldgesin laat lag. |
| 1.4.2 Hendrik | B. se wens was om te ontvlug op ‘n trein. |
| 1.4.3 Katrien | C. het ophou praat as gevolg van angs. |
| 1.4.4 Manuel | D. het vir Hendrik gesê hy moet ophou praat oor dinge wat nie saak maak nie. |
| | E. het alles probeer reg raas en skree. |

(4)

1.5 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.

Die koms van die diere en die trein is belangrik in die bou van die drama. Ons noem dit die (motoriese moment/eksposisie). (1)

1.6 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (1.6) neer.

Hendrik was reg om Emma teen die vreemdelinge te waarsku, want ___ het haar gegryp.

A. Sollie
B. Sambo
C. Barnie
D. Bertie (1)

1.7 Watter eienskap van Hendrik leer ons ken wanneer hy vir Sollie sê hy mag nie op die treintrok klim nie? (1)

1.8 Verwys na reël 6.

1.8.1 Wie het later in een van die skure gebly? (1)

1.8.2 Verduidelik hoe hy en Willem mekaar ontmoet het. (1)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS B**

**Later Hendrik wat heen en weer op die stasie rondloop en roep.**

**67. Hendrik se motor hou stotterend en rokend op die plek stil waar dit vroeër onklaar geraak het. Hy klim uit. Staan en rondkyk. 'n Bietjie verlore.**

**Wanneer hy uiteindelik roep, is dit amper 'n dierlike geluid.**

**HENDRIK: W-i-l-l-e-m ...!**

**68. Die nar en klein Willem is in die skuur bymekaar. Hulle sit op 'n kol waar die son skyn. Die nar is in gewone klere. Hy is besig om Willem met sy hoender-konsert te probeer liemaak. Hy kloek en hy skrop en hy kekkel.**

**Die kind sit net strak en kyk.**

**NAR *(uiteindelik)*: Oukei, jy wil nie vandag lag nie. Dis oukei. *(Die kind kyk weg.)* Wat is dit wat pla? *(Die kind skud sy kop.)* Jy kan my maar vertel. Ek sal vir niemand sê nie. *(Die kind sit net voor hom en kyk.)* Wil jy vir my skryf? *(Hy hou 'n potlood na Willem toe.)* Tóé, skryf. *(Daar begin nou trane oor Willem se wange loop, maar sy gesig bly uitdrukkingloos.)* Nee-nee-nee-nee-nee-nee. Nie trane nie. Die lewe is te kort vir trane. Ons speel liewer. Speel is altyd beter as trane. Altyd. *(Die nar voel in sy sakke rond en haal 'n grimeerpotlood uit. Hy verf twee groot boë bokant Willem se oë.)* Kom. Kom ons teken iets. *(Hy soek in sy broeksak en haal 'n ander kleur uit. Hy verf Willem se mond.)* Kom ons teken die trane weg. Ons vee die ou Willem uit en ons teken 'n nuwe Willem.**

1.9 Gee twee redes waarom die McDonalds díé dag waarop Willem weggeloop het, dorp toe gegaan het. (2)

1.10 Willem het gehuil (reël 13) omdat sy ouers baklei het.

Noem TWEE materiële dinge waaroor Hendrik en Katrien baklei het. (2)

1.11 "Wanneer hy uiteindelik roep, is dit amper 'n dierlike geluid.

HENDRIK: W-i-l-l-e-m ...!" (Reël 4-5)

Watter gevoel het Hendrik ervaar toe hy amper dierlik skree? (1)

1.12 "67. Hendrik se motor hou stotterend en rokend op die plek stil waar dit vroeër onklaar geraak het." (Reël 2)

1.12.1 Wat het met Hendrik se motor gebeur toe hulle teruggekom het van die dorp af? (1)

1.12.2 Wat het Katrien vir haarself gekoop? (1)

1.12.3 Hoekom is Hendrik so kwaad daaroor? (1)

1.13 Katrien het vir Hendrik gesê dat ‘n vrou nie ‘n kar is nie.

Wat het sy met hierdie woorde bedoel? Jy moet na vroue en karre verwys in jou antwoord. (2)

1.14 Wat het Manuel aanvanklik gedoen om Willem op te beur? (1)

1.15 “Die lewe is te kort vir trane” (Reël 15)

1.15.1 Watter les het Manuel vir Willem oor die lewe probeer leer? (1)

1.15.2 Wat het Manuel gedoen sodat Willem moes ophou huil? (1)

1.16 “Ons vee die ou Willem uit en ons teken ‘n nuwe Willem.” (Reël 19)

Beskryf die “ou Willem” en vergelyk hom nou met die “nuwe Willem”. (2)

1.17 Willem wou glad nie huis toe gaan nie.

Wat het die nar gedreig om te doen as Willem nie huis toe gaan nie? (1)

1.18 Vul die korrekte woorde in die paragraaf in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Hendrik was desperaat en het na die 1.18.1___ gegaan om Willem te help soek. Hierdie mense het in die skuur ingegaan en as gevolg van die tekeninge en dinge wat hulle daar gevind het, die McDonalds van 1.18.2___ verdink. (2)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS C**

**103. Die nar en Willem sit langs die een of ander voetpad plat op die grond. Willem se fiets lê tussen hulle. Hulle is besig om ‘n lek in die agterband reg te maak.**

**WILLEM: Is dit sonde?**
**NAR: *(kyk verbaas op)*: Sonde? *(Willem knik.)* Om op mure te teken?**
**WILLEM: En ... *(Hy beduie oor sy wange en oë en neus.)* En ...**
**NAR: Op mens se gesig te teken? *(Willem knik.)* Wie sê so?**
**WILLEM: Dominee.**
**NAR: O. Was die dominee by julle? *(Willem knik.)* Hy sê dis sonde om ‘n mens se gesig te verf? *(Willem knik. Ná ‘n rukkie.)* Kan ek Sondag jou fiets leen?**
**WILLEM: Hoekom?**
**NAR: Ek dink sommer – miskien moet ek ‘n slag weer kerk toe gaan.**

**104. Die dorpskerk van buite gesien. ‘n Mens hoor die gemeente sing.**

**105. ‘n Lang stuk teerpad. Die nar kom op ‘n fiets aangery. Hy het sy**

**sirkuspak aan en sy gesig is gegrimeer. Hy kom verby en ry teen ‘n afdraende af. Voor hom in die laagte lê die dorpie. Die kerk is groot en wit tussen al die dakke. Die maan sit langs die kerktoring.**

1.19 Die dominee het na al die skinderstories in die dorp geluister.

Waarom kan ons sê bogenoemde stelling is WAAR? (1)

1.20 Kies die gevolg in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A-E) langs die vraagnommer (1.20.1-1.20.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.20.1 Manuel | A. spog oor die feit dat Willem kan toor. |
| 1.20.2 Jan Mol | B. vra vir geduld wat Emma aanbetref. |
| 1.20.3 Nollie | C. wou vir homself hoor waaroor die dominee preek. |
| 1.20.4 Hendrik | D. het gereeld by Katrien gekuier. |
| | E. dink hy kan met moord wegkom. |

(4)

1.21 Wat wou Jan Mol met die nar doen toe hy hom in die kerk gesien het? (1)

1.22 Kies die korrekte woord in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Wanneer hierdie vreeslike ding met die nar gebeur, is dit die (klimaks/krisis) in die drama. (1)

1.23 Hoekom kan ‘n mens verstaan dat party van die dorpenaars nie daarvan gehou het dat iemand met ‘n narrepak en geverfde gesig kerk toe gaan nie? (1)

1.24 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

Om die paljas op iemand te sit, beteken om ...

A. vir iemand ‘n warm jas te gee.
B. verhoudings reg te toor.
C. snaakse tekeninge teen mure te maak.
D. iemand te laat huil. (1)

1.25 Stem jy saam met die volgende stelling? Verduidelik waarom jy so sê.

Hendrik het nie geweet wie die nar was met die twee skietwonde nie. (1)

1.26 “Hy buk en tel Manuel op”

1.26.1 Hoe het Manuel se paljas, Hendrik se posisie in die gesin herstel? (1)

1.26.2 Wat het a) Hendrik
b) Katrien
c) Emma gedoen om Manuel te help? (3)

1.27 Waarom het Manuel besluit om terug sirkus toe te gaan? (1)

1.28 Voordat Manuel weggegaan het, het hy iets vir Willem gegee.

1.28.1 Wat het hy vir Willem gegee? (1)

1.28.2 Wat moet Willem met hierdie ding doen sodat hy altyd sal glimlag? (1)

Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

**TEKS D**

**KATRIEN *(draai om en mik vir die middeldeur)*: Nag, almal.**

**HENDRIK: Nee, Katrina. Waar gaan jy?**

**KATRIEN: Ek gaan slaap.**

**HENDRIK: Nee.**

**KATRIEN: Wat dan?**

**HENDRIK: Ons ... kry ons skoon. Ons – Nollie, sit op vir ons ‘n plaat. Ons was ons en ons trek aan en – Emma, loop maak jou mooi. Ons sal iets uitdink. Ons gaan nie slaap nie. Ons sal iets uitdink.**

**EMMA: ... Ek moet wat doen?**

**HENDRIK: Jy’t gehoor wat ek gesê het.**

**EMMA *(ontsteld)*: Ek moet my loop mooimaak? Om te wat? *(Sy is skielik yskoud en woedend.)* Om te wat?**

**HENDRIK: Ons gaan net aan, Emma; ons maak of niks gebeur het nie.**

**EMMA: Dis al wat ons doen heeltyd. Ons maak of niks gebeur het nie.**

**HENDRIK: Wat, wil jy weer op ‘n hoop loop sit?**

**EMMA: Kyk hoe lyk Ma – lyk dit vir Pa of niks gebeur het nie? Kyk hoe lyk ons almal!**

**HENDRIK: *(meer verbaas as enigiets anders)*: Emma!**

**EMMA *(nou onbeheersd kwaad)*: Hulle jaag ons soos melaatses van die Volstruisdans af weg, maar ons moet maak of niks gebeur het nie.**

**HENDRIK: En wat doen jy? Jy hol in die veld in.**

**EMMA: Hoekom sit ons op hierdie gat-stasietjie, Pa? Ek vra – hoekom? Oor niks gebeur het nie?**

1.29 Na watter funksie het die McDonalds baie uitgesien? (1)

1.30 Verduidelik hoe hierdie jaarlikse funksie ontstaan het. Noem minstens twee feite. (2)

1.31 Hoe het Emma se opinie oor ‘n verhouding met Nollie aan die begin van die drama verskil van die einde? (2)

1.32 Hendrik het nou sy romantiese sy gewys.

Noem twee dinge wat hy gedoen het om hierdie stelling te bewys. (2)

1.33 Die McDonalds was baie geskok toe hulle by die dans was.

1.33.1 Waarom was hulle so geskok? (1)

1.33.2 Wie het hulle eerste aangeval? (1)

1.34 Emma was woedend in die uittreksel.

Wat sê sy gaan hulle a) nooit weer doen nie? (1)

b) van nou af altyd doen? (1)

1.35 Net hierna het mense by die McDonalds se huis aangekom.

1.35.1 Wie het by die McDonalds se huis aangekom? (1)

1.35.2 Hoekom het hulle hier aangekom? (1)

1.36 Hendrik het hulle dadelik binnegenooi.


Watter tema uit die drama kom hier na voor? (1)


1.37 Na die dominee se besoek aan die McDonald-gesin, het baie dinge in hierdie gesin se lewe gebeur. Skryf die volgende vier gebeure onder mekaar in die korrekte VOLGORDE neer:

- Die gesin gaan na die Volstruisdans.
- Die nar word geskiet.
- Die dorpsmense aanvaar die McDonalds.
- Die nar gaan terug sirkus toe. (4)

**SOMTOTAAL: 70 PUNTE**

**KLEUR DIE PRENT OP DIE VOLGENDE BLADSY IN...**




Liefde het nie altyd
woorde nodig nie
want liefde
praat
sy eie taal